basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**2021**

**VRYSTAAT**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | inheemse | 1 |
| 1.2 | Khoi(taal) | 1 |
| 1.3 | • Die riel word al **eeue** lank gedans.<br>• Die riel is 'n inheemse kultuurdans en een van die **oudste** dansstyle in Suidelike Afrika.<br>• Deur die **eeue** het die Nama en Koisan hierdie dans gedans.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4 | • Dis 'n groepsdans.<br>• Hulle dans in groepe.<br>• Dis 'n dans wat in 'n sirkel gedans word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.5 | • Vinnige pas/spoed<br>• Baie goeie voetwerk.<br>• Met elke danspassie vertel die danser 'n storie.<br>• Gewone take word deur die dansers uitgebeeld.<br>• Met die rieldans dra 'n mens gewone/kleurvolle klere.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 1.6 | A) *Dans dat die stof so staan!*<br>*(B kan glad nie reg wees nie)*<br><br>• Dit vertel hoe (lekker) die mense dans.<br>• Die mense dans (regtig) die stof los<br>• Hierdie dans is nie besig om uit te sterf nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Punt word slegs vir motivering toegeken)* | 1 |
| 1.7 | (Hoe om die as van) die askoeke af te stof.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.8 | • Deur hulle danse wys hulle **hoe hulle met diere werk**.<br>• Hulle **boots die diere** in hulle danse **na**/hulle **tree soos die diere op**.<br>• Hulle **beeld** baie verskillende **diere uit**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Kandidate moet spesifiek verwys na werk met/naboots/uitbeeld)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.9.1 | C/kan die "vaders" van die riel genoem word | 1 |
| 1.9.2 | D/moet probeer om die oorspronklike styl van die rieldans te behou | 1 |
| 1.9.3 | A/het met die rieldanskompetisies begin | 1 |
| 1.10 | (Volgens paragraaf 8 is rieldansers kreatief omdat hulle) hul eie musiekinstrumente/musiek maak. | 1 |
| 1.11 | • Hulle beeld gewone mense in hul dans uit/danse vertel stories van die alledaagse lewe.<br>• Hulle kom uit eenvoudige omstandighede/het nie baie geld nie.<br>• Hulle dans in die stof.<br>• Hulle moet vrylik kan beweeg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12.1 | eenvoudige | 1 |
| 1.12.2 | moderne | 1 |
| 1.13 | (In) 2006 | 1 |
| 1.14 | D/dansers uit al die verskillende streke in Suid-Afrika kry kans om deel te neem. | 1 |
| 1.15 | (In) Wuppertal<br>*(Aanvaar ook sin waarin die woord verskyn; naam van dorp moet uitgelig word)* | 1 |
| 1.16 | • Dit was 'n internasionale kompetisie.<br>• Hulle het teen die wêreld se beste dansers gekompeteer.<br>• Die dansers het 14 goue medaljes/8 silwer medaljes gewen.<br>• Die orkes het 7 silwer medaljes gewen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17 | "In 2018 het sowat 5 000 mense die ATKV se dansfees in die Paarl bygewoon."<br>*(Kandidate word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens weggelaat word nie)* | 1 |
| 1.18 | Die rieldansers ...<br>• stel belang in hierdie ou dansstyl.<br>• neem aan die kompetisie deel.<br>• doen moeite met die kompetisie.<br>• hou aan met dans/dans steeds.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.19 | Die foto help my om ...<br>• te kan sien waaroor die teks gaan.<br>• die teks beter te verstaan.<br>• die klere van die rieldansers te sien.<br>• te verduidelik wat ‘n rieldans is/hoe ‘n rieldans lyk.<br>• te sien dat jong kinders ook die rieldans doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20 | meer | 1 |
| 1.21 | • Meer leerders ry in 2020 met motorfietse skool toe.<br>• Minder leerders het in 1980 met motorfietse skool toe gery.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Aanvaar nie indien kandidate bloot 'n aftreksom maak nie)* | 1 |
| 1.22 | Uber | 1 |
| 1.23 | • Hulle dra skooltasse/rugsakke.<br>• Die grafiese voorstelling/opskrif wys dit handel oor skoolkinders.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | • Dit is onveilig vir kinders om te stap/ouers dink dis veiliger om self hulle kinders by die skool af te laai.<br>• Kinders hou nie van oefening nie/is lui.<br>• Baie kinders neem nie meer ná skool aan buitemuurse aktiwiteite deel nie.<br>• Afstande na skole het groter geword/kinders woon nie meer skole die naaste aan hulle huise by nie.<br>• Meer ouers vat hulle kinders per motor skool toe/laai hulle af.<br>• Meer kinders ry bus/motorfiets/poegie.<br>• Daar is nou Uber-dienste.<br>• Mense is ryk in 2020.<br>• Covid hou baie kinders uit die skool.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.25 | • 'n Mens sukkel nie met woordeskat/moeilike woorde nie.<br>• Daar is nie baie woorde om te lees nie.<br>• 'n Mens sien sommer dadelik waaroor die kern van die teks handel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**NASIEN VAN DIE OPSOMMING**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees tot aan die einde van daardie sin en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: EIENSKAPPE VAN 'N GOEIE MAAT

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORD |
|---|---|---|
| 1. | Dit is egter belangrik dat jy en jou maat **dieselfde belangstellings deel**. | 'n Goeie maat moet dieselfde belangstellings as jy hê. |
| 2. | 'n Goeie maat sal **jou aanvaar** soos jy is. | Jou maat aanvaar jou soos jy is/verwag nie dat jy iemand moet wees wie jy nie is nie. |
| 3. | Jy weet jy het 'n goeie maat as hy/sy die **beste in jou uitbring**. | Jou maat bring die beste in jou uit. |
| 4. | Mense praat dikwels sleg van mekaar. Dis gewoonlik agter mekaar se rûe. **Lojale** maats is skaars. | 'n Goeie maat is lojaal/praat nie agter jou rug nie/praat nooit lelik van jou nie. |
| 5. | Die waarheid maak mos maar seer, maar 'n **goeie maat behoort vir jou te sê as jy nie reg optree nie.** | 'n Goeie maat sal altyd eerlik met jou wees/sal sê as jy verkeerd is/foute maak. |
| 6. | Daar moet iemand in jou lewe wees wat **jou altyd sal bystaan**. | 'n Goeie maat sal jou altyd ondersteun/bystaan/is daar as jy hom/haar nodig het. |
| 7. | 'n Goeie maat sal graag **tyd saam met jou wil deurbring**. | 'n Goeie maat sal tyd saam met jou deurbring/sal graag by jou wil wees. |
| | **GETAL WOORDE = 191 WOORDE (± 200 WOORDE – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 54 WOORDE (50 – 60/65 MAKSIMUM)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:
   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word indien die struktuur getoets word.
   - By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meerkeusevraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | "vars groente"<br>*(Penaliseer nie as dit nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 3.2 | opgewonde/bly/gelukkig/tevrede<br>*(spelling tel nie)* | 1 |
| 3.3 | sop lekker is | 1 |
| 3.4 | Hmmm! | 1 |
| 3.5 | propvol<br>*(spelling tel nie)*<br>*(moet EEN woord wees en "prop" moet korrek gespel word)* | 1 |
| 3.6 | • Eet gereeld Cup a Soup!<br>• Jy moet gereeld Cup a Soup eet.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.7 | vinnigste *(sp)* | 1 |
| 3.8 | • koppie/sopkoppie/houer/bakkie<br>• beker/koffiebeker/sopbeker<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | Mening<br>• Daar is nie bewyse dat dit die lekkerste sop is nie.<br>• Dit hang van mense se smaak af.<br>• Nie almal stem noodwendig saam dat dit die lekkerste sop is nie.<br>• Daar is ander sop wat lekkerder is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.10 | D/in die moeilikheid is. | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

| VRAAG 4: STROKIESPRENT |
|---|

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | • Sy sê jippie/dit wat sy sê.<br>• Sy gooi haar arms in die lug/dit wat sy doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.2 | mooi vra | 1 |
| 4.3 | B/sy wil nie oorhaastig wees nie. | 1 |
| 4.4 | oortree | 1 |
| 4.5 | stereotipering | 1 |
| 4.6 | verkeer**d** *(sp)* | 1 |
| 4.7 | • Sy spreek hom as "Meneer/u" aan.<br>• Sy groet hom/sê middag.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.8 | • Die verkeersman sê dat **hy** die pakkie eetgoed **vir hulle** wil gee.<br>• Die verkeersman sê dat **hy vir hulle** die pakkie eetgoed wil gee.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.9 | geskenk**ie** *(sp)* | 1 |
| 4.10 | Mavis/Sy het gedink dat ...<br>• sy iets verkeerds gedoen het/te vinnig gery het/die padreëls oortree het.<br>• die verkeersman haar gaan straf/penaliseer.<br>• die verkeersman vir haar ŉ boete/kaartjie gaan gee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**VRAAG 5.1: LEESTEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | oor | 1 |
| 5.1.2 | kry **nie** dadelik werk **nie**. | 1 |
| 5.1.3 | • miskien<br>• altemit<br>• straks<br>• moontlik<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.4 | **om** geld **te** verdien. | 1 |
| 5.1.5 | • Ma kook **rys** en vleis. (kos)<br>• Die brood **rys** in die pan. (groter word)<br>• Die spookstorie laat my hare **rys**. (regop staan)<br>• Die son **rys** in die ooste. (opwaarts beweeg/styg)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogemoende)* | 1 |
| 5.1.6 | kulture *(sp)* | 1 |
| 5.1.7 | Uiteindelik sal 'n brugjaar jou kan help **voordat** jy 'n finale besluit neem. | 1 |
| 5.1.8 | jy | 1 |
| 5.1.9 | nuwe/splinternuwe *(sp)* | 1 |
| 5.1.10 | be-te-ken | 1 |
| 5.1.11 | Jou brugjaar **word** goed (deur jou) **beplan**. | 1 |
| 5.1.12 | Dit **sal/gaan** jou gelukkig **maak**. | 1 |
| 5.1.13 | • verstaan<br>• begryp<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.14 | doelloos *(sp)* | 1 |

**VRAAG 5.2: PRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Die drie vriende wag elke dag rustig by die bushalte. | 1 |
| 5.2.2 | middel *(sp)* | 1 |
| 5.2.3 | eerste *(sp)* | 1 |
| 5.2.4 | betyds | 1 |
| 5.2.5 | winter**<u>s</u>**jas/ winterjas *(sp)* | 1 |
| 5.2.6 | sambreel | 1 |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL: AFDELING C:** | **40** |

## AFDELING D: LETTERKUNDE

### *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

### VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | • Gouws<br>• die padmaker<br>• ryloper<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.2 | Wilgerspruit | 1 |
| 6.3.1 | baie pakkies by hom gehad<br>*(Hierdie antwoord moet korrek wees om 'n punt by 6.3.2 te verdien)* | 1 |
| 6.3.2 | Dit was geskenke vir sy gesin.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.4 | D/trots gevoel het op die pad wat hulle gemaak het | 1 |
| 6.5 | Die verteller het gedink dis moeite/ver.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Gouws het gedink/gesê dit kon nog verder gewees het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.6 | • Gouws het gevra om (bo) in die hoofstraat afgelaai te word.<br>• Gouws wou ...<br>o huis toe stap.<br>o sy gesin verras.<br>o hê die ontmoeting met sy gesin moes soos altyd wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.7.1 | D/ Gouws het deur sy werk die wêreld gesien. | 1 |
| 6.7.2 | E/Dit was makliker vir ander mense om by mekaar uit te kom. | 1 |
| 6.7.3 | C/Gouws het kort-kort op sy horlosie gekyk. | 1 |
| 6.7.4 | A/As Gouws by die huis gekom het, het almal gehelp om sy bagasie huis toe te dra. | 1 |
| 6.8 | • Gouws het vir die verteller alles van sy huis en sy lewe vertel.<br>• Gouws het met al sy goedjies huis toe gestap.<br>• Die hond het geblaf toe hy Gouws sien aankom.<br>• Die gesin het vir Gouws gesien en na hom toe gehardloop. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.9.1 | dankbaarheid | 1 |
| 6.9.2 | • (Ten spyte van 'n moeilike lewe) was Gouws dankbaar vir wat hy gehad het.<br>• Die gesin was elke keer dankbaar as Gouws huis toe kom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10.1 | Gouws | 1 |
| 6.10.2 | Gouws, want ...<br>• hy het weer geluk gevind by 'n tweede/nuwe gesin.<br>• sy eerste gesin is in 'n motorongeluk oorlede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.11 | • (In die) Rusoord<br>• (In die) ouetehuis/aftree-oord<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.12 | • vingerbord gespeel<br>• radio/nuus/godsdiens geluister<br>• rondgery<br>• met mekaar gesels/ander mense in die Rusoord bespreek<br>• whisky gedrink<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.13 | Jakob ...<br>• was vlak in die sewentig.<br>• was 'n treindrywer/is gekies om die "koningstrein" se drywer te wees.<br>• was twee keer getroud/wou nie weer trou nie/het nie van Sarah se aandag gehou nie.<br>• het nog 'n motor gehad/bestuur.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 4 |
| 6.14.1 | skelm | 1 |
| 6.14.2 | • Dit was teen die Rusoord se reëls.<br>• Hulle het hul kamerdeur gesluit.<br>• Hulle het vir niemand anders daarvan vertel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.15 | D/gesukkel het om te verstaan waarom Willem nie gekom het nie. | 1 |
| 6.16.1 | D/Jakob se hart was te seer om te eet. | 1 |
| 6.16.2 | A/Jakob het gesê dat hy hoër losies sou betaal. | 1 |
| 6.16.3 | E/Jakob het vir Willem gesê hy was bang vir spoke en hulle moes alles los. | 1 |
| 6.16.4 | B/Jakob het begin twyfel of daar lewe ná die dood is. | 1 |
| 6.17 | bang vir spoke was/bang was dat Willem sou kom spook | 1 |
| 6.18.1 | B/Jakob het sy vriend waardeer. | 1 |
| 6.18.2 | • Willem se dood was vir Jakob baie erg.<br>• Hulle het alles saam gedoen.<br>• Willem was vir Jakob soos 'n broer/meer as 'n vriend.<br>• Hulle het dieselfde oor dinge gevoel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.19.1 | positiewe | 1 |
| 6.19.2 | • Jakob het toe geweet daar is lewe ná die dood.<br>• Jakob het geweet dat dit die moeite werd was om 'n goeie lewe te lei.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.20 | • Baie ouer mense woon in ouetehuise soos Jakob en Willem.<br>• Die verhaal handel oor ouer mense se lewens/vertel ons van ouer mense se lewenswyse in die ouetehuis.<br>• Vriendskappe is vir ouer mense belangrik.<br>• Ouer mense doen dieselfde goed as Willem en Jakob.<br>• Ouer mense dink meer oor die dood.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

**[40]**

## VRAAG 7

### *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker

### VERHAAL A: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7. 1.1 | anders as | 1 |
| 7.1.2 | • Oom Apie het nooit getrou nie.<br>• Oom Apie het selde gewerk.<br>• Oom Apie was nie betroubaar nie.<br>• Oom Apie se stories moes met 'n knippie sout geneem word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.2 | Oom Apie het ...<br>• messe geslyp.<br>• stukkende stoele reggemaak.<br>• agterdeure/deurslotte reggemaak.<br>• skarniere reggemaak/geolie.<br>• buitekamers se dakke reggemaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.3 | • Hy was kort van postuur/nogal geset/kort en vet.<br>• Hy was bles/het min hare gehad.<br>• Hy het 'n haakneus gehad.<br>• Hy het 'n draadraambrilletjie gedra/ondeunde/stout/wakker oë gehad.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 4 |
| 7.4.1 | B/Oom Apie het by mense gaan tee drink en dan maande lank gebly. | 1 |
| 7.4.2 | C/Oom Apie het nie probleme met sy maag gehad nie. | 1 |
| 7.4.3 | E/Geld was nie vir oom Apie belangrik nie. | 1 |
| 7.4.4 | A/Oom Apie het sy eie stoel saamgedra. | 1 |
| 7.5 | B/nie regtig wou trou nie | 1 |
| 7.6.1 | A/Die jeugliefde het oom Apie nog al die jare liefgehad. | 1 |
| 7.6.2 | Die jeugliefde het ...<br>• oom Apie se klere deur al die jare versorg.<br>• erken dat sy veertig jaar tevore 'n fout gemaak het.<br>• na haar man se dood vir oom Apie gesê sy sal met hom trou.<br>• oom Apie gedreig/afgepers om met haar te trou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.7 | • (met die jeugliefde) te trou<br>• nie in die skande te beland nie<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.8 | • In die buitekamer<br>• Saam met die verteller in die buitekamer<br>• In 'n stoel in die buitekamer<br>• Nie in 'n bed nie<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.9.1 | positief | 1 |
| 7.9.2 | Oom Apie ...<br>• se probleem was opgelos.<br>• het nie nodig gehad om te trou nie.<br>• het homself weereens uit die moeilikheid gekry.<br>• was die een wat laaste gelag het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.10 | • Die verhaal handel oor 'n snaakse/kleurvolle karakter.<br>• Die verhaal bied goeie afleiding/is lekker om te lees.<br>• Die einde van die verhaal laat jou wonder/is ongewoon/verrassend.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

**[40]**

**VERHAAL B: "DIE GEHEIM" – J van Melle**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.11 | Leune | 1 |
| 7.12.1 | moes Leune se ma baie met haar raas<br>*(Hierdie antwoord moet korrek wees om 'n punt by 7.12.2 te verdien)* | 1 |
| 7.12.2 | Leune het ...<br>• verveeld geraak/'n lang tyd niks gehad om te doen nie.<br>• gevaarlike dinge (op die boot) gedoen.<br>• haar ma die meeste las gegee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.13 | (By sy) familie | 1 |
| 7.14 | • Dou het Leune net betyds in die water vasgegryp.<br>• Die kinders het styf aanmekaar geklou.<br>• Dou het vinnig sy bewussyn herwin.<br>• Dou het vir niemand van die reddingspoging vertel nie. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.15 | D/ander bo homself gestel het | 1 |
| 7.16 | • Almal het net aandag aan Leune gegee.<br>• Hulle het gesukkel dat Leune haar bewussyn herwin.<br>• Dou kon ongemerk van die boot afklim.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.17.1 | E/Leune het groot geskrik. | 1 |
| 7.17.2 | A/Hy het dadelik op die krisis gereageer. | 1 |
| 7.17.3 | D/Geen ander seun kon Leune se hart wen nie. | 1 |
| 7.17.4 | B/Na baie jare het Leune weer vir Dou ontmoet. | 1 |
| 7.18 | Leune het ...<br>• verlief geraak op die (onbekende) seun.<br>• drome oor die (onbekende) seun gedroom.<br>• baie aan die insident gedink.<br>• oor die insident gepraat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Dou ...<br>• het met niemand oor die insident gepraat nie.<br>• wou nie weer aan die insident herinner word nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 7.19.1 | liefde | 1 |
| 7.19.2 | Die verhaal handel oor die liefde tussen Dou en Leune.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.20.1 | Dou | 1 |
| 7.20.2 | • Hy het ander mense/Leune eerste gestel.<br>• Hy het sy lewe gewaag om 'n vreemde meisie te red.<br>• Hy was nie kwaad vir Leune oor haar dromery nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

## VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1 | toneelaanwysings | 1 |
| 8.2 | Silwerkloof (Stalle) | 1 |
| 8.3.1 | die saals te olie | 1 |
| 8.3.2 | • Wilma wou gehad het sy moes gewoond raak aan die perde/ haar vrees vir die perde oorkom.<br>• Sy woon saam met Wilma op die plaas.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.4 | C/bang vir die perde was | 1 |
| 8.5 | • Binki was baie lief vir **haar** hondjie.<br>• Binki het haar eie lewe gewaag om **haar** hondjie uit die brand te red.<br>• Binki het foto's van **haar** hondjie op haar foon gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.6 | • Binki-hulle se huis het afgebrand.<br>• Binki se ma het haar op Wilma se perdeplaas gelos.<br>• Binki en Lucky het mekaar ontmoet.<br>• Binki het vir Lucky vertel hoe sy die letsels opgedoen het. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 8.7 | • Binki het nie met Wilma teruggepraat/gestry nie, maar Lucky het wel teruggepraat.<br>• Binki het met respek met Wilma gepraat, maar Lucky was ongeskik/het lelike taal voor Wilma gebruik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Kandidate moet die volle verskil aandui om die twee punte te verdien)* | 2 |
| 8.8.1 | E/Binki het baie min kontak met haar pa en ma gehad. | 1 |
| 8.8.2 | D/Binki het altyd bloese met lang moue gedra. | 1 |
| 8.8.3 | B/Binki het nie vir haar ma "Ma" gesê nie. | 1 |
| 8.8.4 | A/Binki het 'n foto van Dukie op haar selfoon gehad. | 1 |
| 8.9.1 | genesende | 1 |
| 8.9.2 | • Binki het haar vrese/onsekerheid/skuheid oorkom.<br>• Deur die perde te gebruik om ander te help, het Wilma ook haarself gehelp/vergewe.<br>• Wilma het die perde gebruik om gestremde kinders te help.<br>• Lucky het weer vertroue in homself/ander mense/die lewe gekry.<br>• Lucky het geleer om perde/diere/mense te respekteer<br>• Lucky het geleer alle wit mense nie ryk/sleg is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.10.1 | Wilma | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.10.2 | Wilma het ...<br>• Lucky die kans gegee om sy gemeenskapsdiens op die plaas te doen.<br>• Sabrina gehelp deur Binki onder haar vlerk te neem/Sabrina nie verkwalik dat sy Binki by haar afgelaai het nie.<br>• nie vir Binki veroordeel omdat sy bang was vir perde nie.<br>• enigiemand wat hulp nodig gehad het, met haar perde gehelp.<br>• Vir Lucky gehelp om diere met respek te behandel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.11 | Binki...<br>• was sewentien (17) jaar oud.<br>• was senuweeagtig/teruggetrokke/skaam van geaardheid/stil/onseker van haarself/bang vir perde/het direkte kontak met ander mense vermy.<br>• was in matriek/graad 12.<br>• het deur korrespondensie studeer/nie 'n skool bygewoon nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 4 |
| 8.12.1 | Lucky die letsels per ongeluk gesien | 1 |
| 8.12.2 | • Lucky het Binki se mou (per ongeluk) afgeskeur.<br>• Lucky en Binki het oor haar selfoon gestoei.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.13 | In hulle/haar ma se brandende huis.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.14 | Lucky ...<br>• het gedink alle witmense was ryk (varke).<br>• was kwaad vir sy ma se ryk werkgewers.<br>• se ma se werkgewers het haar te min betaal.<br>• het gedink witmense se lewens was maklik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.15 | B/alle mense kan seerkry en swaarkry. | 1 |
| 8.16 | • nie vir Binki wou sien nie.<br>• vir Binki gegril het.<br>• skaam was vir Binki.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.17.1 | C/Die twee kinders het mekaar begin verstaan. | 1 |
| 8.17.2 | E/Binki het besluit dat sy haar ma nie meer nodig het nie. | 1 |
| 8.17.3 | D/Binki het nie geskrik toe Tinkerbelle langs haar draf nie. | 1 |
| 8.17.4 | A/Binki het met kaal arms al in die rondte gedraf. | 1 |
| 8.18.1 | C/Wilma het altyd vir Binki probeer beskerm. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.18.2 | Wilma ...<br>• het nooit hard met Binki gepraat nie.<br>• was nooit kwaai met haar nie.<br>• het Binki altyd aangemoedig/laat glo dat sy dinge kon doen.<br>• het met Lucky geraas toe hy lelik met Binki was.<br>• het Binki by haar laat bly.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.19.1 | positiewe | 1 |
| 8.19.2 | Lucky het ...<br>• sy siening oor witmense/ryk mense verander.<br>• respek vir diere en ander mense ontwikkel.<br>• geleer om dinge in sy lewe te waardeer.<br>• geleer om met ander oë na dinge te kyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.20 | Die verhaal ...<br>• handel oor tieners se lewens.<br>• handel oor hoe tieners hul probleme oorkom.<br>• leer tieners om mekaar beter te verstaan.<br>• leer tieners om in harmonie met mekaar/hulself te lewe.<br>• leer tieners sekere lewenslesse/dat hulle nie ander moet oordeel nie/dat hulle diere/mense met respek moet behandel.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou